

# DIE ERKENNING VAN DIE KONINGSKAP VAN JAHSHUA MESSIAS (JESUS CHRISTUS) IN ONS DAAGLIKSE LEWE.

---

Referaat gelewer by die Konsilie van die Gelooftevolk van Suid-Afrika, 24-26 Maart 2016,  
te Holfontein Gelooftefeesterrein in die Ottosdal distrik.

---

Geliefde Volksgenoot,

Christus word vandag regdeur die Christendom erken as Koning, maar daar word soms op 'n manier gesê dat Hy nog nie regeer nie. Hierdie pre-millennialisme is 'n lering wat verkondig dat Jesus Christus iewers in die toekoms sal regeer. Hierdie lering het tot gevolg dat baie gelowiges nie vandag reeds die Koningskap van Christus oor hulle lewens erken nie, omdat dit iets is wat nog moet kom in die toekoms.

Johannes en Paulus getuig van Jahshua dat Hy die **enigste Heerser, die Koning van die konings en Here van die here** is. (1 Tim 6:15, Opb 17:14, 19:16), wat beteken dat Hy regeer van hulle tyd af. Wat sê die Bybel oor hierdie Koningskap?

Kom ons begin ons ondersoek deur te kyk na wat sê die Bybel van Koningskap oor die 12 Stamme van Israel:

- **Melgisédek, Koning van Salem en priester van die Allerhoogste** het vir Abram, grootvader van die 12 stamme van Israel, geseën. (Gen. 14:18-20, Heb. 7). Dit het profeties gedui op die toekomstige Koningskap oor die nageslag van Abraham.
- **Koning JHWH regeer** vanaf Moses se tyd by die Tabernakel oor die 12 stamme van Israel. Die ewige Teokratiese bestel het in hierdie tyd tot stand gekom en Israel het JHWH as Koning oor hulle aanvaar.

Num 23:21; 1 Sam 12:12; Is 33:22; Ezek 20:33; Pss 44:4 [MT 5]; 74:12; 145:1; 44:6).

Exo 15:18 JHWH(Die HERE) sal regeer vir ewig en altyd.

Exo 19:5-8 As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En **julle sal vir My 'n koninkryk van priesters** en 'n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel. En Moses het gekom en die oudstes van die volk laat roep en hulle al hierdie woorde voorgehou wat die HERE hom beveel het. **Toe antwoord die hele volk eenparig en sê: Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen.** En Moses het die woorde van die volk aan die HERE oorgebring.

- **Gídeon is gevra om koning** te wees deur Israel nadat Gídeon die Midianiete verslaan het. Israel was nie meer tevrede met 'n onsigbare Koning nie.

Rig. 8:22-23: Daarop sê die manne van Israel vir Gídeon: Heers oor ons, u sowel as u seun en u kleinseun, want u het ons verlos uit die hand van die Midianiete. Maar Gídeon antwoord hulle: Ek wil nie oor julle heers nie, en ook my seun mag nie oor julle heers nie: **JHWH (die HERE) sal oor julle heers.**

- **Saul ontvang die koningskap oor Israel vanaf JHWH**, teen die wil van JHWH, op versoek van Israel, deur die lot. JHWH laat dit toe om vir ISRAEL haar sin te gee, waarop sy aandring. JHWH het op hierdie wyse die koningskap oorhandig aan Saul wat uit die stam van Benjamin was, die geringste.(1 Sam 9:21) Hierdeur het JHWH vir Israel gesê hul ag JHWH geringer as die geringste.

1 Sam 8:7 Toe sê die HERE vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar **My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie.**

1Sam 8:19-20 Maar die volk het geweier om na Samuel te luister en gesê: Nee, maar daar moet 'n koning oor ons wees, dat ons ook kan wees soos al die nasies—**dat ons koning ons kan rig en voor ons uit trek en ons oorloë voer.**

1 Sam 10:19-25 **Maar julle verwerp vandag julle God** wat julle uit al jul onheile en node verlos het, en sê: Nee, maar **jy moet 'n koning oor ons aanstel.** Stel julle dan nou op voor die aangesig van die HERE volgens julle stamme en volgens julle geslagte. Toe Samuel dan al die stamme van Israel laat nader kom het, is die stam van Benjamin aangewys; en toe hy die stam van Benjamin volgens sy geslagte laat nader kom het, is die geslag van Matri aangewys; verder is Saul, die seun van Kis, aangewys. En hulle het hom gesoek, maar hy was nie te vinde nie. **En hulle het die HERE verder geraadpleeg:** Het nog iemand hierheen gekom? En die HERE sê: Kyk, hy het tussen die pakgoed weggekruip. Daarop het hulle geloop en hom daarvandaan gebring; en toe hy tussen die mense gaan staan, was hy van sy skouers af boontoe hoër as die hele volk. En Samuel sê aan die hele volk: Sien julle hom wat die HERE uitgekies het? Want daar is nie een onder die hele volk soos hy nie. Toe juig die hele volk en sê: Mag die koning lewe! Daarna het Samuel die reg van die koningskap voor die volk afgekondig en dit in 'n boek geskrywe en voor die aangesig van die HERE neergelê. En Samuel het die hele volk elkeen na sy huis laat gaan.

1 Sam 12:12-13 Maar toe julle sien dat Nahas, die koning van die kinders van Ammon, teen julle aankom, het julle aan my gesê: Nee, maar 'n koning moet oor ons regeer, **terwyl die HERE julle God tog jul koning is.** Hier is dan nou die koning wat julle uitgekies het, wat julle begeer het, en kyk, die HERE het 'n koning oor julle aangestel.

- **Dawid het regeer as koning**, terwyl hy die oppergesag van JHWH erken het. Dawid het JHWH by verskeie geleenthede geraadpleeg, en JHWH se Goddelike gesag op so 'n manier erken. Ongelukkig het Dawid nagelaat om JHWH in alles te raadpleeg, en gevolglik het baie foute ingesluit tydens sy regering.

- 1Kron 16:31: Laat die hemele bly wees en die aarde juig, en laat hulle onder die volke sê: **Die HERE is Koning!**
  - 1Kron 29:10-12: En Dawid het die HERE geloof voor die oë van die hele vergadering, en Dawid het gesê: U sy geloofd, HERE, God van ons vader Israel van ewigheid tot ewigheid. Aan U, HERE, kom toe die grootheid en die mag en die heerlikheid en die roem en die majesteit, ja, alles in hemel en op aarde; aan U, HERE, **kom toe die koningskap en die selfverhoging as Hoof oor alles.** En die rykdom en die eer kom van U, en U heers oor alles; en in u hand is krag en mag, en in u hand is dit om alles groot en sterk te maak.
  - Ps 29:10: Die HERE het gesit oor die Watervloed; ja, **die HERE sit as Koning tot in ewigheid.**
  - **Koning Salomo:** Die 12 stammeryk het so agteruit gegaan tydens die regering van die fisiese konings: Saul, Dawid en Salomo, dat dit uitgeloop het op skeuring en verstrooiing. Ons sien in Salomo dat nie eens die wysste man op aarde 'n volkome koning kan wees nie. Ons kan sê dat Salomo se koningskap 'n geweldige vernietigende effek gehad het in verskeie areas, tot vandag toe.
  - **Die verdeelde koningkryke** (2 en 10 stamme ryke, en daaropvolgende Europese Koningshuise) wat gevolg het was almal sonder vermoë om volkome herstel en vrede te bewerk tot vandag toe. JHWH het geweet dit sou die geval wees, en dit so toegelaat sodat Israel genoeg kan kry van die regering van menslike konings en terugkeer na die Hemel Koning.
  - **Slegs die seun van Dawid, die Regverdige Koning** sou 12 Stammeryk herstel, so het die profesieë aangedui. Israel het die koms verwag van die gesalfde Koning, wat genoem word Messias of Christus. (Joh 1:40-42) 2 Sam. 7: 12, 13; Jere. 23: 5, 6; Isa. 9: 6; Dan. 2: 44,  
Sag 6:12-13: en sê vir hom dit: So spreek die HERE van die leërskaar: **Kyk, daar kom 'n Man wie se Naam is Spruit,** en Hy sal uit sy plek uitspruit, en Hy sal die tempel van die HERE bou. Ja, Hy sal die tempel van die HERE bou, en **Hy sal majesteit verkry en sit en heers op sy troon; ook sal Hy 'n priester wees op sy troon,** en die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan.
- Jer 23:5-6 Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir **Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land.** In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: **DIE HERE ONS GEREJTIGHEID.**
- Dan 7:14 En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.
- Dan 7:18 en die heiliges van die Allerhoogste sal die koningskap ontvang, en hulle sal die koninkryk in besit neem tot in ewigheid, ja, tot in alle ewigheid.
- Dan 7:27 Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees.

- **Jahshua, die Gesalfde Koning**

- **Koningskap aankondiging deur die engel Gabriël:**

Luk 1:32-33 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom **die troon van sy vader Dawid** gee, en **Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.**

- **Geboorte:** Was gebore uit die geslag van Dawid, die stam van Juda, op wie die reg tot koningskap gerus het. (Mat 1:1)

- **Gelykenisse:** Gelykenis oor Sy koningskap.

Luk 19:11-14 Terwyl die mense na Jesus geluister het, het Hy nog 'n gelykenis vertel, aangesien Hy naby Jerusalem was en hulle gedink het die koninkryk van God sou nou enige oomblik kom. Hy het gesê: "'n Man van adellike afkoms het na 'n ver land toe op reis gegaan om as koning aangestel te word en dan terug te kom. Vooraf het hy tien van sy slawe geroep en aan hulle tien goue muntstukke gegee en gesê: 'Dryf handel daarmee totdat ek terugkom.' "Sy landgenote het hom egter gehaat en 'n afvaardiging agterna gestuur om te sê: **'Ons wil nie hierdie man as koning hê nie.'** **Maar hy het tog die koningskap ontvang.**

- **Erkenning:** Tydens die bediening van Jahshua was daar sprake van gesag as koning oor Israel. (Joh 16:5)

Joh 1:45..50 Filippus het Natánael gekry en vir hom gesê: Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Jesus, die seun van Josef van Násaret... **Natánael antwoord en sê vir Hom: Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!**

- **Ondervraging:** Tydens Sy ondervraging was daar verwys na Sy Koningskap.

Joh 18:36-37 Jesus antwoord: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie. Pilatus sê toe vir Hom: Is U dan tog 'n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem.

- **Kruisiging:** Hy was ook oor Sy Koningskap gekruisig.

(Mar. 15,

Joh 19:14-15 En dit was die voorbereiding vir die pasga en omtrent die sesde uur. Toe sê hy vir die Jode: **Dáár is julle Koning!** Maar hulle skreeu: Neem weg, neem weg, kruisig Hom! Pilatus sê vir hulle: **Moet ek julle Koning kruisig?** Die owerpriesters antwoord: Ons het geen koning behalwe die keiser nie.

Joh 19:19-20 En Pilatus het ook 'n opskrif geskrywe en dit op die kruis gesit; en daar was geskrywe: **JESUS, DIE NASARÉNER, DIE KONING VAN DIE JODE**. Hierdie opskrif dan het baie van die Jode geles, omdat die plek waar Jesus gekruisig is, naby die stad was; en dit was geskrywe in Hebreeus en Grieks en Latyn.

- **Na die opstanding aanbid die dissipels Jahshua** omdat hulle nou geweet het Wie Hy Is. Hy sê dan ook weer vir hulle Wie Hy Is:

Mat 28:17-20 **En toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid**; maar sommige het getwyfel. En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: **Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde**. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.

Hand 1:3 aan wie Hy ook, ná sy lyde, Hom lewend vertoon het deur baie kentekens, terwyl Hy gedurende veertig dae aan hulle verskyn het en oor die dinge van **die koninkryk van God** gespreek het.

- **Voor Sy Hemelvaart** was die laaste onderwerp waarvoor Hy gepraat het oor Sy Koningryk.

Hand 1:6-9 Toe hulle 'n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: "Here, **is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?**" Hy het hulle geantwoord: "Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie. Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien nie.

- **Na die uitstorting van die Heilige Gees** plaas Petrus die Koningskap van Jahshua in perspektief deur die volgende verduideliking: Hand 2:29-36 "Broers, wat ons voorvader Dawid betref, moet ek dit vir julle duidelik stel: Hy het gesterwe en is begrawe, en sy graf is nou nog hier by ons. Maar hy was 'n profeet en hy het geweet dat God met 'n eed aan hom belowe het dat een van sy nakomelinge op sy troon sou sit. Daarom het hy die opstanding van die Christus vooruit gesien en gesê: Hy is nie aan die doderyk oorgelaat nie, en sy liggaam het nie vergaan nie. God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor. Dawid het nie na die hemel toe opgevaar nie, en tog sê hy: Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het. Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!"

- **Openbaring:** Na die hemelvaart van Jahshua, ontvang Johannes die Openbaring van die Koningskap van Jahshua.

Opb. 12:10 Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: **Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus;** want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag.

Opb. 15:3 En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, **o Koning van die heiliges!**

Opb. 19:6 En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: **Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar.**

Opb. 19:11-16 Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos 'n vuurvlam, en **op sy hoof was baie krone;** en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: **Die Woord van God.** En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: **Die Koning van die konings en die Here van die here.**

- **Paulus verkondig die koningskap van Jahshua** in Thessaloníka. Hand 17:7 en Jason het hulle ontvang. En hulle almal handel teen die bevele van die keiser en sê dat daar 'n ander koning is, naamlik Jesus.

- **Die Ewige Koning sal regeer volgens die orde van Melgisedek.** (Mig 4:7; Ps 10:16; 29:10; 66:7; 146:10; Jer 10:10; 1 Tim 1:17, Ps 74:12; 93:2)

Heb 1:1-9 Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle. Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegenerer? en weer: Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees? En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid. En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme; **maar van die Seun: U troon, o God,**

**is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer;** U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle;

- **Lam op die Troon.**

Opb. 7:15-17 Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan. Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle tranes van hulle oë afvee.

**2 Kor. 5:10** Want ons moet almal voor **die regterstoel van Christus** verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.

- **Die konings van die aarde veg teen Koning Jahshua** se koningskap en koninkryk. Hulle doen dit deur baie instellings soos geheime organisasies, populêre politieke leiers, weermagte wat misbruik word, gemanipuleerde geldstelsels, korrupte regbanke, misleidende godsdiens strominge, ens... Verskillende Koningskap stelsels het intussen die lig gesien, net soos verskillende politieke ideologieë, wat almal teen Toekrasie werk en die koningskap van Jahshua. Elke persoon wat hul beywer vir menslike koningskap kruis swaarde met Koning Jahshua, en ontvang die ooreenkomstige loon:

- Luk. 19:27 Maar daardie vyande van my **wat nie wou hê dat ek koning oor hulle sou wees nie**, bring hulle hier en slaan hulle voor my dood.
- Hand. 4:25-28 wat deur die mond van u kneg Dawid gesê het: **Waarom het die nasies gewoed en die volke nietige dinge bedink? Die konings van die aarde het saamgestaan en die owerstes het saam vergader teen die Here en teen sy Gesalfde.** Want waarlik, Herodes en Pontius Pilatus het saam met heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het, om alles te doen wat u hand en u raad vooruit bepaal het om plaas te vind.
- Ps. 2:1-12 **Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge? Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!** Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle. Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik: **Ek tog het my Koning gesalf oor Sion**, my heilige berg. Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer. Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting. U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot. Wees dan nou verstandig, o konings; laat julle waarsku, o regters van die aarde! Dien die HERE met vrees, en juig met bewing. Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!
- Opb. 17:12-14 En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en **die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings** en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.

### **Die konings van Europa:**

Vir die laaste 2000 jaar het menslike konings geregeer in die koningshuise van Europe. Europeane het selselmatig moeg geraak vir die aanhoudende konflikte, oorloë en paleis rewolusies in die Europese Koningshuise. Koningshuise het hul optredes geregverdig deur die “Goddelike reg tot koningskap”, wat aan die mens die reg gee om te regeer as koning. Ons moet onthou dat dit nie die wil van God was dat die mens moes heers sonder God nie.

**Die goddelike reg van aardse konings was bevraagteken** in die 16de eeu deur sommige Katolieke en Protestante politieke denkers. Die gruwelike vervolging van protestante deur Engeland se Koningin Mary (Bloody Mary) het daartoe gelei dat verskeie publikasies die lig gesien het teen menslike koningskap (monargie).

**Die Franse Hugenate het** die gesag van die pous en roomskatolieke kerk verwerp in hierdie tydperk. Die absolute mag van die Europese koningshuise was ook vars in hul geheue, en vanuit daardie verwysingsraamwerk het hulle na Suid-Afrika gekom. Ons sien dat ons voorouers Christus se Koningskap verkies het bo die Imperiale Koninklike gesag van Europa. Hierdie 2 magte was in stryd met mekaar vir baie jare in Suid-Afrika.

**Die Voortrekkers het nie ‘n fisiese koning gehad nie.** Uit die geskiedenisboeke merk ons op dat die voortrekkers verlang het na ‘n Hemelse Koning. Toe die voortrekkers uitwissing in die gesig staar na Vegkop, Bloukrans en Retief se moord, het hulle Andries Pretorius gevra om leier vir hulle te wees. Pretorius het die oppergesag van die Allerhoogste erken en was slegs bereid om in ‘n leierskaps hoedanigheid te dien indien die HERE God (JHWH) dit met die lot sou aandui. Wat toe wel die geval was. Pretorius het presies dieselfde gesindheid gehad as Gideon teenoor koningskap. Die implikasie hiervan is dat ‘n Goddelike Koningskap ontstaan het as oppergesag oor die Voortrekkers. Die bonatuurlike toetrede van Christus se Engelemagte tydens die slag van Bloedrivier, waarvan oom De Jager getuig in sy boek, is die getuienis dat Goddelike ingrype ‘n werklikheid was. Hierdie feit wys daarop dat die Koningskap van Christus oor die Voortrekkers as volk voltrek is.

Deut 17:14-15 As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, en dit in besit neem en daarin woon en dan sê: Ek wil ‘n koning oor my aanstel soos al die nasies wat rondom my is, dan moet jy sekerlik ‘n koning oor jou aanstel wat die HERE jou God sal verkies; uit die midde van jou broers moet jy ‘n koning oor jou aanstel; jy mag geen uitlander, wat jou broer nie is nie, oor jou aanstel nie.

**Siener van Rensburg** het net soos die profete in die Bybelse tyd, ook tekortkominge uitgewys in die volk se verhouding met Christus. Hy het by verskeie kere gekla dat die volk hulle voormanne verafgod! Die verafgoding van voormanne was direk teen die gesag van Christus! Genadiglik het ons volk vandag geen merkwaardige leiers meer nie! Daar is nie meer manne van kaliber wat ons probeer lei nie. Ons kan dus met oorgawe koning Jahshua dien in die Teokrasie wat in 1838 tot stand gekom het! Ons Koning regeer oor ons en sal soos in die dae van ouds kragdadig Sy koningryk bou!



### **Ons kom nou by die erkenning van die Koningskap van Jahshua oor die Geloftesvolk:**

Ons sien dat ons Hemelse Vader leierskap deur die lot aandui. JHWH het Sy koningskap aan Saul met die lot oorgedra, en Jahshua kan dit met die lot weer opneem. Broeders en susters, kan dit wees dat Jahshua die koningskap oor die Voortrekkers aanvaar het met die verkiesing van Andries Pretorius as leier met die lot?

Indien dit so is, dan was dit 'n geweldig belangrike geskiedkundige gebeurtenis. Nadat Pretorius verkies is as onder Generaal, deur Generaal Jahshua, het die volk se manskappe tot Generaal Jahshua 'n versoek gerig om hulp deur die Geloofte af te lê, en Generaal Jahshua het sy leermag gestuur om te help. Hierdie Goddelike ingrype het oom De Jager van getuig in sy boek. Dit is die getuigenis wat ons het dat dit nie maar net 'n statistiese veldslag was nie, maar dat Koning Jahshua deur Goddelike hulp te stuur sy Koningskap bekragtig het. Die gevolg was dat 'n Nuwe Koningryk aan die Suidpunt van Afrika tot stand gekom het. Indien dit waar is, is Jahshua Koning van die Geloftesvolk vanaf 1838. (Sef. 3:10)

**Met die wederkoms van Koning Jahshua** sal hy oordeel vanaf Sy troon en dan beërf die gelowiges die koninkryk.

Mat. 25:31..34 En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; .. Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.

### **Die einde van menslike regering:**

1Kor. 15:24 Daarna kom die einde, **wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee**, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het.